

Vrydag 7 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Konings 8:55 – 9:9

Fokusgedeelte: 1 Konings 9:3-5

Verbondsvernuwing deur die inwyding van die tempel

God was altyd en wil nog altyd seënend by sy volk teenwoordig wees. Daarom was Hy nie net die God van die verlossende uittog uit Egipte nie, maar ook die God van die deurtog deur die woestyn. Sedert die Here se verbondsluiting met die volk by Sinai, was Hyself seënende teenwoordig in die tabernakel, wat voortdurend saam met die volk geskuif het deur die woestyn.

En nou is die volk in die beloofde land. Die tempel wat koning Dawid wou bou, is deur sy seun Salomo klaar gebou. Met goeie rede is die tempelwyding nie sommer as 'n formaliteit vinnig afgehandel nie. Die seënende teenwoordigheid van die Here is vir die volk van God deurslaggewend. Die tempel is as woonplek vir God gebou, daarom vind magtige gebeure in die tekshoofstuk plaas.

Salomo as koning-priester gaan die volk voor net voordat die tempel gedurende die huttefees (gedenkfees aan die woestynreis) ingewy word. Hy lei die volk in verootmoediging en gebed voor God se aangesig. In die teks lees ons van die magtige oomblikke wanneer God aan die Woord kom: Hy verhoor Salomo se gebed. As Hy Homself verbind aan sy kinders, is dit iets geweldig. Hy belowe dat Hy Homself nie net aan die tempel as gebou verbind nie, maar dat Hy Salomo se koningskap oor sy volk bestendig, soos hy Dawid se koningskap bestendig het.

Tog is daar in sy beloftes 'n ondertoon van profetiese waarskuwing: die Here bestendig hierdie koningsheerskappy op voorwaarde dat Salomo en die volk aan Hom gehoorsaam moet bly. Solank Christus se kerk aan Hom gehoorsaam bly, sal sy seën nie uitbly nie. Die uitermate vreugde van God se kinders gaan oor God se seënende nabyheid in alleenheerskappy en die onderlinge meelewing met mekaar!

Sing: Psalm 122-1:1, 2

Dr. RM van der Merwe (Rudolph) (Parys)